# DIE NOODSAAKLIKHEID VAN LEES EN DIE BEVORDERING DAARVAN BY ONS LEERLINGE.

(Vervolg).

1. **Lees prikkel die denke:**

Dit prikkel nie alleen die denke nie, maar voed dit ook. Daar is geen leesaktiwiteit sonder denkaktiwiteit nie. As ons 'n bladsy van 'n boek of van 'n tydskrif gelees het, en ons kan nie sê wat ons gelees het nie, dan het ons ons tyd verspil, want dan het so 'n aktiwiteit met lees niks te make nie.

„Reading involves understanding, interpretation, evaluation, and these are all thought processes", skrywe J. Harlan Shores in sy artikel: **Reading for Thinking** (Educ., March, 1959).

'n Mens kan wel dink sonder om te lees, maar 'n mens kan nie lees sonder om te dink nie. Sodra die gedrukte woord in lees optree, dan veronderstel dit 'n denkakte. In hierdie sin is lees en dink onafskeidelik verbonde.

In die gekompliseerde leesproses word vervat al die bedrewenheid en vermoëns in die denkakte en daardie wat aan die leerproses verwant is en die gebruik van die simbool.

Wat 'n mens uit die lees van 'n boek haal, hang grootliks af van die toerusting waarmee die proses van lees aangepak word: jou eie kennis en ervaring om 'n sekere boek wat oor 'n besondere onderwerp handel te begryp, hang van die kennis af wat jy omtrent die basiese begrippe daarin dra. Sonder die adekwate agtergrondservaring vir 'n sekere stuk, is doeltreffende komprehensie of begrip uitgesluit. As die leser geen betekenis uit ervaring gebore vir die woorde het wat hy lees nie, as hy die uiterlike vorms nie met ervaringsinhoud kan vul wat min of meer dieselfde as die van die skrywer is nie, dan is begrip noodwendig uitgesluit, ook waardering of juiste interpretasie.

Ek herhaal: die belangrikste saak in lees en dink oor wat gelees is, is vroeëre ervaringe! En die hoeveelheid en die aard van komprehensie is natuurlik in 'n mate afhanklik van vroeëre ervaring. Woorde op hulleself beteken niks nie. Hulle is uiterlike tekens van iets anders: die sielinhoudelike en die betekenis daarvan, d.w.s. die betekenis daaraan deur die leser ooreenkomstig sy ervaring geheg. Basies tot die leerproses is dus eksakte en presiese belewinge en ervaringe. Die mens moet dus eers 'n sekere belewingsterrein met sy gees verower en sy eie gemaak het, voordat hy die gesimboliseerde lewensterrein van die skrywer kan begryp.

In hierdie verband sal u dus met my saamstem dat wetenskaplik gegradeerde leesboeke — nie leesboeke gegradeer

volgens die vermeende relatiewe graderingsmaatstaf van die volwassenes nie — vir leerlinge met verskillende belewingsgronde noodsaaklik is. As die leerlinge wat arm aan sekere belewingsagtergronde is in dieselfde leesjuk as leerlinge moet trek wat ryk daaraan is, dan tree frustrasie in. Hiervan sien ons talle voorbeelde op die skoolbanke in elke klaskamer. Niemand sal my kwalik neem as ek beweer dat ons in Suid-Afrika op die gebied van leesboeke, volgens leerlingbelewenisse, 'n groot agterstand ondervind nie. Daar bestaan geen boeke in die skole wat wetenskaplik gegradeer is nie. Hier is 'n nuwe studieterrein vir taalnavorsers.

Betts in sy artikel: **Parents and Teachers want to know about Reading** skrywe:

„To get a child's thinking straight, he needs experience that will teach him when he is dealing with facts and when he is dealing with opinions. Organisation of facts and opinions is another essential in learning how to think. Outlining is one way for children to learn how to think clearly by organising their facts."

H. E. Brown in sy artikel: **Getting adjusted to life** beantwoord die vraag oor die belangrikheid van lees soos volg: Words are the instruments through which the wisdom and culture of ages past are handed down from one generation of man to another. They are lighting messengers carrying the thought of one person to another, and making life a truly human experience. They are the signs and symbols with which the human mind plays in the mysterious processes of thinking. Words are powerful, dangerous things. You must learn to use them carefully and wisely for upon the way you handle them, more perhaps upon any other thing you do, will depend what happens to you in the world of people in which you must live. When you have fully realised that, the full truth and meaning of that fact, you will have reached a most important milestone in your education".

En hy gaan voort deur te sê:

„No one in the world is on speaking terms with all the members of this great army of words. You can recognize many words when you see them in print, but you can only use a part of them when expressing your thoughts. So if you are to have a large usable vocabulary at your command, you must plan to do two things: you must increase the number of words you can use and train them to do the work you require of them."

"The ability to recognize and use a large number of words is probably the best single indication of high intelligence, more important — and more encouraging — is the fact that building up a large vocabulary helps develop the intelligence."

Dit is ongetwyfeld waar dat 'n groot woordeskat 'n mens se moontlikhede om suksesvol in die sakewêreld te wees, vergroot.

Dit is haas onmoontlik om aan 'n enkele loopbaan te dink waarin taal nie 'n belangrike rol speel nie. Jaar na jaar word die bekombaarheid van werk vir die ongeskoolde moeiliker, veral as die

taalvermoë nie op dreef is nie. En daarmee die denkvermoë.

Hoe belangriker die bekleër se posisie, hoe beter is sy woordeskat. Navorsing het bewys dat tussen die hoë salaris van 'n persoon en sy woordeskat 'n nou verband bestaan. Die man wat die denkinstrument, die woord, beheers, gaan altyd sy kollegas verby wat suiwer op hulle persoonlikhede staat maak. Woordeskatvermeerdering deur lees verhoog die peil van werk op skool, vergemaklik studie en verhoog die mense in die maatskappy in hulle poste. 'n Groot kennis van woorde gee krag aan die persoonlikheid, skenk vertroue, laat 'n mens gemaklik in die teenwoordigheid van mense voel, maak jou geselskap interessanter en vermeerder jou populariteit. En al hierdie faktore is met 'n mens se loopbaan gemoeid.

Ons sien dus ontwikkelde leesvermoë, vermeerderde woordeskat en die vermoë om te dink, almal saam verbeter. Daar is werklik geen aspek van onderwys belangriker as hierdie nie.

3) **Lees vergemaklik ons omgang met ons medemens:**

Kennis van die regte gebruik van woorde, veral van 'n omvangryke woordeskat, laat 'n mens talle moeilike posisies beter beheer. As die woordeskat in krisistye ontbreek, wanneer probleme hulle koppe een na die ander uitsteek, en die beslegter van die situasies beskik nie oor die regte woord op die regte tyd nie, is hy verlore. Sonder die regte woorde word die situasie eerder slegter as beter.

Vroeër was dit moontlik om werk sonder besonder leeskennis te bekom. 'n Hardwerkende persoon kon uit die opbrengste van sy handewerk lewe — op 'n plaas of in 'n winkel, sonder om skriftelike instruksies op die voet te volg. Die struktuur van werk was eenvoudig. Selfs die ongeletterde kon deur die bedrewenheid van sy hande-arbeid sy inkomste verhoog. Eerlikheid, moed en onafhanklikheid kon bydra tot die goeie dunk van die naaste.

Maar hierdie ruwe rots sal dit vandag nie meer so maklik regkry nie. Vandag sal hy verlore voel in die stroom van gedrukte leesmateriaal. Sonder die gedrukte woord kan hy kwalik werk bekom. Hy sal vind dat die boer, die meganikus, ja, enigeen wat belangrike werk verrig, nie sukses sal behaal nie, sonder om in staat te wees om al die leesstof i.v.m. sy besondere ambag of bedryf met begrip en noukeurigheid te lees.

Alles het verander. Talle eksperimente i.v.m. die boerderybedryf in sy verskillende vertakkinge is gemaak en word nog daagliks vermeerder. Die gegewens verskyn in spesiale tydskrifte. Dit moet gelees, verstaan en intelligent toegepas kan word. Die boer wat nie sy kennis omtrent sy besondere vertakking verbeter deur lees en studie nie, kan op die duur nie 'n goeie bestaan maak nie.

Daar is fyn tegnieke ontwikkel waarvolgens besondere artikels vervaardig word. Al hierdie informasie moenie alleen gelees, herken en geassimileer word nie, maar moet volgens gewysigde omstandighede toegepas word. Daarin bestaan die werklike aanpasbaarheid van die intelligente persoon. Die ongeletterde sal nie alleen verbysterd voor

onbekende toeligtende leesstof staan nie, maar hy sal ook 'n gebrek aan vreugde en genot moet ervaar in die werk wat hy moontlik sal kan doen. Hy sal ervaar dat hy ekonomies en kultureel moeilik 'n bestaan sal kan maak.

Die goeie leser sal 'n beter werk as hy kan vind. Hy sal dit ook noodwendig doeltreffender kan verrig. As 'n student sal hy vinniger en beter kan lees. Hy is veiliger in sosiale situasies. Ander vind hom interessanter en meer populêr. Hy beskik oor beter geestesgesondheid en het 'n aangenamer persoonlikheid. Hy kan genot en ontspanning vind wat weerhou word aan diegene wie se leesvermoë op 'n lae vlak staan.

4) **Lees is basies vir alle geestelike ontwikkeling:**

Alle onderrigprogramme op skool, op enige plek in die wêreld sluit lees in. Dis fundamenteel en word universeel beoefen. As iemand sou faal om hierdie fundamentele kuns en tegniek te bemeester, sal sy hele verdere ontwikkeling daaronder ly. Van alle skoolvakke is lees die noodsaaklikste en die belangrikste, omdat as gevolg daarvan feite in alle ander vakke bemeester kan word.

Lees maak van die mens 'n volle mens soos ons dit reeds gestel het.

**Toepassinge:**

Die wetenskap en tegniek het met sodanige rasse skredes vooruitgegaan dat die nie-leser baie gou en heel maklik onnosel in sy toepassings van kennis beskou kan word, as hy hom nie op die hoogte van die nuutste wyses van aanpak daarvan stel nie, wat staan nog om die onderliggende beginsels toe te pas. Talle lesers wat prakties ingestel is, lees ter wille van die wetenskaplike toepassing van die dinge deur hulleself, of deur dit innerlik toe te pas en uit te lewe. Neem bv. Dale Carnegie in sy **Hoe om vriende te maak en mense te beïnvloed**. Die doel van die werk is eers om die skrywer se gedagtes innerlik te verwerk en hulle 'n mens se eie te maak, met die doel om hulle so gou as moontlik prakties uit te toets en toe te pas. Waarvoor word per slot van rekening die Bybel en aanverwante boeke gelees? Hoofsaaklik om die onderliggende beginsels en die voorgeskrewe wette en reëls en lewenshoudings prakties toe te pas. As dit nie vir die praktiese toepassing en uitlewing daarvan was nie, sou hulle waardeloos wees.

**Gevoel van onafhanklikheid:**

Lees ontwikkel die onafhanklikheidsin van die mens, die gevoel dat 'n mens iets vir jouself kan naspeur, opspoor en bestudeer. Al gou lees die hoërskoolleerling hoe om sy probleme aan te pak. Die student wat 'n verhandeling wil begin, lees eers verskillende boeke oor hoe om 'n verhandeling saam te stel. Die swak spellers op skool kan nalees watter metodes gevolg kan word om hierdie swakheid te bowe te kan kom. Sodra die skool die leerlinge daartoe gebring het dat hulle uitgebreide leesprogramme hulle onafhanklik van die onderwyser maak, onafhanklik van sy onmiddellike hulp, het dit 'n baie groot opvoedings- en onderwysdoel bereik. Ja, dan het dit werklik in sy grootste taak geslaag. Die goeie leser verg weinig aandag van die onderwyser, veral t.o.v. van die beheer van sy taal en sy vakkennis. Hy het eintlik net leiding

nodig en die regte prikkeling. Dit bring onafhanklikheid van keuse mee wat betref die aanname en verwerping van sake, omdat dit die leser al tot 'n eie oordeel gebring het. En 'n eie oordeel beteken 'n eie lewens- en wêreldbeskouing. En 'n eie lewens- en wêreldbeskouing beteken die waardering van alles wat gehoor en gelees word. En 'n waardering sluit in 'n skaal van waardes. En 'n waardebesef beteken dat die mens tussen goed en kwaad, tussen skoon en lelik, tussen waarheid en leuen kan onderskei.

Lees is noodsaaklikheid omdat dit die leerling in staat stel om volgens eie leesvermoëns te vorder.

Die individualiteit van die leerling is op die spel. By die meeste leerlinge bestaan onbewus 'n vrees dat hy nie soos die ander leerlinge kan vorder nie, omdat hy swakker as sy maats kan lees. Dit bring uiteindelik minderwaardigheid mee. Hoeveel makliker sou dit nie wees nie as elke kind volgens sy eie leestempo en bevatlikheid daardie boeke kan lees wat hy kan verstaan en wat by sy aard en aanleg aanpas. Dit is die demokratiese weg en reg vir elke geskape mens. Dit laat die individu onder die besef lewe dat hy deur niemand en deur niks ter wêreld gebind is nie wanneer dit neerkom op sake wat by sy eie belangstelling en ontwikkeling aanpas. Dan sal hy ook gelukkig wees om slegs daardie boeke te verorber. Kompetisie is dan uitgeskakel en die persoonlikheid ontwikkel volgens sy inherente moontlikhede. Wie is intellektueel vryer as hy/sy wat na willekeur van die een belangstellingsterrein na die ander vryelik kan oorskakel wanneer hy/sy deur talle boeke in die stads-, dorps- of skoolbiblioteek gekonfronteer word?

**Lees bring die mens tot 'n eie waardebesef:**

Onder leiding van die onderwysers leer die kinders al baie gou om tussen die goeie en die slegte boek te onderskei, tussen die opheffende en die neerhalende artikel, tussen die voordelige en die nadelige, tussen wat vuil en skoon is. Lees wat reg beoefen word, leer diskrimineer. Nulton in sy artikel: **Reading makes the Child full** skrywe:

„Children learn that some books are to be tasted, others to be swallowed, and some few to be chewed and digested. Some they gulp.

Yes, reading maketh a full man! It maketh a full child, when he is allowed to choose his own books, read for his own purposes, chew and digest for his own growth. Herein lies some of the values of this way of teaching the child to read".

## TWEEDE AFDELING.

Die grootste probleem is natuurlik hoe om die leeslus van die leerlinge op te wek.

Iemand stem moontlik saam oor die doeleindes en noodsaaklikhede van lees. Maar hoe om leeslus op te wek, is eintlik die groot probleem.

En dit is werklik 'n groot probleem. Onderrig moet gegee word aan leerlinge wat moontlik al soveel emosionele skokke in hulle klein lewentjies ondergaan het en wat deur slegsê en vernederings so laag in hulle besef van hulle eie moontlikhede gesink het, dat hulle geestelik verlam is; ander leerlinge is

tuis na skool so besig gehou deur praktiese lewenseise van die ouers, dat alle leeslus gedood en vernietig is. 'n Derde groep het op skool geen vordering op leesgebied kon maak nie, omdat hulle ouers hulle voor hulle skoolloopbaan t.o.v. van hulle verbeeldings- en/of intellektuele lewe so verwaarloos het, dat hulle onryp was om die tegniek betyds te bemeester. Voordat hulle dit kon doen, is hulle al gebrandmerk as die swak groep wat noodwendig as gevolg van die groot getal kinders in die beginnersklassies weinig individuele aandag van die onderwyseres kon geniet en gevolglik heel gou organisatoriese probleme in die klaskamer opgelewer het. Sodanige agterryers is bedoel om die standerd nog 'n jaar te herhaal en raak intussen heel vroeg gefrustreerd en emosioneel geknak.

Hierdie groep leerlinge wat m.i. al groter in getal word, word dwarsdeur hulle skoollewe in die wiele gery omdat hulle nie goed kan lees nie. En is hulle eenmaal agter en besef hulle dat hulle maats of hulle meesters op hulle neersien, dan is hulle die kos vir spesiale klasse waaraan 'n stigma klewe. En hierdie stigma bly aan hulle in die skool en daarna in die arbeidsmark klewe.

Hierdie nie-lesers skep die grootste probleem en is 'n uitdaging vir die onderwyser.

**Maar kom laat ons by die onderwyser begin.**

Onderwysers is al te veel geneig om die probleem van die nie-lesers of swak lesers aan die adres van ander te rig. Hulle verskuiwe die probleem en weier om dit persoonlik te maak. Hulle lê die klem op die verwaarloosde kind. Maar hulle laat na om die hand in eie boesem te steek. Talle onderwysers dink hulle is volmaak wat hulle vakkennis betref. Hulle volmaaktheid word bewys deur die feit dat hulle nalaat om hulle op die hoogte van die nuutste ontwikkelings — inhoudelik en tegnies — van hulle spesifieke vakke te hou. Hulle het een maal aan die universiteit afgestudeer, 'n graad bekom en daarby 'n onderwysdiploma, en daarmee het die einde van hulle spesifieke ontwikkeling, horisontaal of vertikaal, ingetree. Die houding is veelal dat 'n mens nie juis 'n wonderlike of 'n wafferse kennis moet besit om vir matrikulante te kan skoolhou nie. Ja, oppervlakkig lyk dit of dit waar is: daar is talle gematrikuleerde of selfs laer gekwalifiseerde onderwysers wat sodanige leerlinge moet onderrig. Talle onderwysers besit ook nie 'n graad met een van die vakke wat onderrig word, op 'n tweede- of 'n derdejaarsvlak nie. Maar die skyn bedrieg. Daar is talle gevalle waar stagnasie ingetree het.

Hier is die kern van die probleem:

Hoeveel boeke lees onderwysers nog oor hulle besondere vak en vir ander noodsaaklikhede en doeleindes?

Hoe dikwels neem hulle naslaanwerke oor hulle vakke uit?

Waar hulle dit nie doen nie, word die volgende verskoning aangebied:

(a) Die nuwe boeke is dan te duur. Ek kan hulle nie bekostig nie.

(b) Die naslaanbiblioteek by die skool staan onder slot en grendel. Om 'n boek daaruit te haal, is nie so maklik nie. Die onderwyser met die sleutel

moet eers gesoek word en dan is daar soveel rooilint aan verbonde dat ek die gedagte prysgee.

(c) Die naskoolse aktiwiteite is van so 'n aard dat ek saans te moeg is om te lees en liewers by my familie wil deurbring.

(d) Saans moet ek skrifte nasien.

(e) Ek moet ook tyd aan liggaamlike ontspanning afstaan.

(f) My familielewe verdien alle konsiderasie.

(g) Daar is nog die vriende- en sosiale kringe.

(h) Daar is my kerkverband wat eise stel.

Maar, as iemand belangstelling in lees wil opwerk, moet hy self die voorbeeld stel. Daarby kom niemand verby nie. Al sy ander redes waarom hy dit nalaat, gaan nie op nie. Dit is die lewende voorbeeld wat hier belangrik is. As alle ander onderwysfaktore gefaal het, bly lees nog die een wat bo almal uittroon as die faktor wat nooit kan faal indien dit reg beoefen word nie.

Van die onderwyser word vereis belangstelling in boeke en van hom word in die eerste en in die laaste plek geëis die opwekking daarvan by die kinders.

Daarom die vraag — en ook 'n baie belangrike een aan die onderwyser:

„Is u lief vir die boek? en lees u graag?"

Hierdie vrae moet u eers eerlik en onomwonde beantwoord voordat u die splinter in die leerling se oog opmerk. Ek wil graag die belangstelling in lees na u persoonlik terugvoer. Moontlik kan ons daarna eers die leerling se posisie verstaan.

Iemand het die volgende van die onderwyser geskrywe: „Teachers of reading must be versatile. They must know how to read faces, lips, minds, and books. Like berries in a basket, they are bad, and they are good".

Van die onderwyser se gesindheid teenoor die boek, van sy leiding, van sy liefde daarvoor en van sy direkte kennis omtrent die nuutste en die beste op literatuurgebied, hang alle belangstelling van die leerling onder u sorg af.

Die onderwyser wat die leesgewoonte wil aanwakker, moet self die gewoonte beoefen. Gee ons die onderwyser wat liefde vir 'n boek koester, wat entoesiasties en met heerlike warmte oor lees kan gesels, en wat daadwerklike belangstelling in die leerlinge se leesaktiwiteite toon, en die probleem wat aan die begin genoem is, is halfpad opgelos. Sodanige onderwysers, afgesien van watter struikelblokke op die leerlinge se weg lê, sal die leesgewoonte aanwakker en laat beoefen. Dus eers by die self begin op grond van die noodsaaklikheidseise soos hier voorgehou is. Die leerlinge sal diep onder die indruk van die onderwyser se gewoonte kom en hulle sal en moet noodwendig in sy voetspore volg. Die vuur en ywer wat in die onderwyser brand, moet hulle verwarm. Sy entoesiasme en gloed moet hulle in die dampkring van geesdrif bring.

Waarin bestaan die selfontwikkeling van die leesgewoonte?

i) Die onderwyser moet 'n besluit neem om daeliks 'n paar bladsye in boeke waarin hy belangstel, te lees. Dit moet 'n daelikse behoefte word. Aan-

vanklik dwing hy homself daartoe. Later verloop dit ongedwonge, omdat hy die geestelike behoefte gewek het. Die leeshandeling les die dors na lees en vervul 'n geestelike behoefte. Dit les die dors slegs tydelik en daarom moet dit tot aan die einde van die lewe beoefen word. Om nie dadelik hiermee te begin nie, is om nooit te begin nie!

(ii) Ten tweede, trek 'n program vir die week op, soveel en soveel uur kan ek lees en ek sal my daaraan hou. Laat dit 'n beskeie aantal ure wees waaraan u wel kans sien om te hou. Kan u nie aan die daelikse program hou nie, hou u dan aan 'n weeklikse minimum. Sommige dae is te vol om aan die daelikse minimum te hou. Die weeklikse program kan dan, afgesien van die vol dae, tog gehandhaaf word. Geen week mag verbygaan sonder dat u aan die weeklikse program voldoen het nie.

(iii) Begin net waar u is, m.a.w. met die boeke waarin u geïnteresseerd is. Moenie vòòrgee dat dit die geval is nie. Lees boeke, koerante, tydskrifte. Moenie net tydskrifte en nuusblaaie lees nie. Ek bedoel dat u nie met die nuusblaaie en die tydskrifte tevrede moet wees nie. Gesels met ander oor boeke wat hulle interesseer. U kan dit onmoontlik bekostig om 'n boek te lees waarin u nie geïnteresseerd is nie. Lees die interessante boeke twee maal oor. Dit sal die moeite loon. Bibliotekarisse is in staat om te sê watter boeke omtrent nooit op die rakke rus nie.

Probeer ook poësie lees. Dis noodsaaklik. Dit is geskrywe om te geniet. Lees hierdie soort genotvolle leesstof aan die klas voor. Laat u klas iets smaak van warmte en entoesiasme omtrent die boek. Neem 'n bloemlesing van poësie ter hand en lees alles wat u geniet het, oor en oor. Hou so aan totdat u in hierdie saak oorwin het, die aankweking van 'n permanent leesgewoonte. Dan eers sal u die leerlinge daarvan kan oortuig, anders voel hulle tog maar dat u huigel. U gee opdragte, sonder dat u die opdragte saam met hulle deurlewe.

Die ontwikkeling van die leesgewoonte vereis 'n onderwyser wat oortuigend bewys kan lewer van sy eie leesgewoonte. Die leerlinge sal die voorbeeldige onderwyser in hierdie verband navolg en nooit in die steek laat nie.

Daar is nog ander metodes wat die onderwyser kan aanwend om leeslus te prikkel:

(a) Die meeste leerlinge is nuuskierig. Dis 'n inherente eienskap.

„In a sense", skrywe Guy Warner, „their curiosity is like a blade of highly-tempered steel—it needs only the whetting to make it ready for effective action".

Die onderwyser behoort gedurende die week die leerlinge se nuuskierigheid vir ten minste twee boeke op te wek, deur bv. stukke daaruit voor te lees, of deur mee te deel waarom hulle interessant is. Die opwekking van belangstelling geskied alleen as die onderwyser die inhoud van die boeke onder die knie het. Daarby moet die onderwyser kennis omtrent die inhoud van die nuutste boeke op die mark dra.

Die hoofsaak is dat die leerlinge intellektueel geprikkel sal word, veral as hulle effens intelligent is. Elke mens met

'n normale verstand wil intellektuele bevrediging deur lees verkry. As die leesstof egter 'n groot mate van inspanning vereis, omdat talle woorde onbekend is, sal die leeshandeling futiel wees. Hoe meer assimileerbaar die leesstof, hoe meer sal 'n persoon gedwing word om te lees, omdat intellektuele nuuskierigheid geen paal of perke ken nie.

(b) Stel 'n leesdoel voorop:

Om die belangrikheid van lees te beklemtoon, bring die leerlinge onder die besef van die praktiese waarde daarvan sorg en dat hulle die doel van die hele aangeleentheid terdeë besef. Besef hulle eers die doel daarvan, dan is hulle soos die goeie vlieër wat steeds hoër teen die wind opsteier. Ek wil beweer dat die meeste leerlinge die leesdoel, behalwe dat dit eintlik om die verhaal gaan, nie weet nie. Daarom dat hulle daarin dan nie belangstel nie.

My vraag aan die onderwyser is: Met watter doel voor oë wil u graag hê dat die leerlinge moet lees?

(c) As die onderwyser voel dat hy in sy eie voorbeeldstelling geen hond haaraf maak nie, moet hy effens vasstel of die ouers tuis 'n leesvoorbeeld stel. Hiermee nader ons eintlik die terrein van die opvoeding vir volwassenes. Maar dan moet ons met hierdie opvoedingsafdeling saamwerk om die ouers te onderrig om self 'n permanente leesgewoonte aan te kweek. Hulle moet die skool deur hulle eie voorbeeld help. Die mag van die ouers en die onderwysers se leesvoorbeeld is twee meulstene waartussen die kinders tot 'n sekere leesgewoonte gevorm word. Die beste leesprikkel vir die kind is die ouer se leesgewoonte, om alles wat hulle lees, met die kinders te bespreek of om sekere boeke voor te lees en om na mekaar se voorlesings te luister. Dis op grond van hierdie belangstelling en geestesaktiwiteit dat permanente leesgewoontes by kinders gewek kan word.

Hou asseblief in gedagte dat tweederdes van die volwassenes nie-lesers van boeke is, dat 75% van die boeke wat gepubliseer word, deur 5% van die mense gelees word, dat publieke en biblioteekkaarte slegs 25% van die volwasse bevolking bevat, dat tydskrifte en koerante die grootste afsetgebied het. Russel het gekonstateer dat 13.5% van die volwassenes oor 25 jaar hiervandaan funksioneel ongeletterd sal wees, omdat hulle leesvermoë benede die 4de graadspeil is.

Die belangstelling van kinders begin eintlik by die stories wat die moeder vir die kleinspan vertel, by die aankoop van kleinkinderboeke en die opbou van elke kind se biblioteek tuis. Dit bring mee dat die lees van boeke eintlik so natuurlik soos die asemhaling van die mens verloop. Dit hou hulle belangstelling gaande, selfs wanneer hulle die skool betree en daar kennis met die skoolbiblioteek maak. Dan het boeke werklik hulle vriende geword. Die gesinsagtergrond speel dus 'n belangrike rol in die leesaktiwiteite en leesbelangstelling van leerlinge. Daarom dat die samewerking tussen skool en huis ten opsigte hiervan van die beste behoort te wees. Huis en skool moet permanente leesgewoontes help kweek. Dit is 'n

noodsaaklike vereiste vir die geestelike welsyn van die individu.

Daar is niks so wonderlik en so opwindend as om kinders en boeke by mekaar te bring nie. Ouers het hier die beste geleentheid om hierdie besondere vriendskap op te bou, aangesien ouers baie belangrike mense is. Wat moeder of wat vader sê, is hoofsaak in die lewe.

Ons betaal vir die musieklesse van ons leerlinge of kinders. Ons betaal vir hulle konsertkaartjies en toegangsgelde tot teaters. Ons betaal vir hulle sportafrigting. En tog dink ons omtrent nooit daaraan om hulle leesagtergrond op te bou nie. Hardop lees tuis stimuleer nie alleen belangstelling in boeke nie, maar dit bevestig 'n goeie luistergewoonte. En dit is iets wat die meeste mense nie besit nie. Om oor boeke te gesels vorm 'n deel hiervan.

Selfs in die hoër skool moet ons die leerlinge aanmoedig om heel dikwels tot die klassieke stories wat hulle eie aantreklikheid besit, terug te keer. Sodanige stories besit 'n aantreklikheid wat onweerstaanbaar is, vir sowel volwassenes as vir kinders. Die volwassene vergaap hom maar ook aan 'n goeie storieverteller. Ten opsigte hiervan is daar weinig verskil tussen volwassenes en kinders.

(d) Belangstelling is vir alles nodig wat geleer moet word:

Dit geld vir alle vakke maar veral vir lees. Dit is 'n sine qua non. Nou wil iemand tog verduidelik dat die kinders geen belangstelling in lees toon nie. Gestel dit is waar. Dan is daar slegs hierdie uitweg: ons moet vir hulle kinderverhale wat hulle heelwaarskynlik nooit gelees het nie en waarvan hulle in hulle kleinkinder-periode niks meegedeel is nie, in die hand stop. Dan moet die skool tog die gaping oorbrug en iewers op 'n vaste fondament begin. En hierdie fondament is die begin: wolf- en jakkalsstories. Hulle moet dus eers met melkkos gevoed word, voordat vaste spyse voorgehou word. Vir hierdie leerlinge wat tuis honger gely het, kan die vaste spyse van ons gewone en skoolbiblioteke geen goed doen nie. Ons biblioteke moet dus ook boeke bevat wat in die behoeftes van die armes voorsien. As hulle ooit gedwing moet word om die vaste spyse te verorber, is dit gaan wonder as hulle belangstelling geheel en al afstomp nie.

Die nie-leser moet onderaan die leesleer begin. Hy moet trapsgewyse opklim tot die hoëre dinge, die geestelikverheffende.

Onthou, die voorlees van verhale, selfs in die hoër skole, is die grondslag van literêre genot. Die meeste onderwysers sal dink dat so 'n handeling dáár uit die bose is. En tog sal u uitvind dat dit die ou, ou stories is wat die grootste aantreklikheid besit. Hulle ontlok die beste reaksies by die leerlinge.

In die meeste skole is die doel van lees ongelukkig meer meganies as geestelik-voedend. Die aandag word te veel op die leestegniek toegespits i.p.v. op die beheer van die emosionele inhoud daarvan. Waar voorgeskrewe werke behandel word, gaan dit natuurlik om die bestudering van die inhoud, die taal en styl, en nie hoofsaaklik om die genot

daarvan nie. As genot bykom, is dit 'n indirekte uitvloeisel daarvan.

Daarom dat ons pleit vir ten minste een periode vir hierdie soort lees: lees waarby genot betrokke is. Daar bestaan 'n groot behoefte aan slegs een periode op skool waartydens letterkundige genot voorrang kan geniet.

Blaisdell het die volgende in **Ways to teach English** omtrent die storievertelperiodes te sê:

„Every pupil should look forward to it with quickened breath and kindled eye. On each school day it should be on the programme of every school room throughout the grades and the junior high school, and the longer it is continued, in the high school, the better.

Teachers who really wish to develop the reading habit in their pupils will arrange in some way for a daily period during which gripping stories are read aloud.

You say you don't find time for storytelling! Good! Have you ever instructed your pupils to master 3 chapters of the prescribed book, all by themselves and if that is done, you would read or tell them an interesting story? You'll soon find out that better home reading will be achieved, than before."

Ons kan in hierdie verband by die Uitsaaikorporasie leer, selfs al hou ons nie van die Springbokradio nie. Daar word gereël dat verhale gelees word. Daar word sorg gedra dat opgehou word waar spanninge hoog loop. Op so 'n wyse word luisteraars vir weke en maande aaneen in spanning gehou.

As u in die voorgeskrewe werke op die sogenaamde oninteressante bladsye kom, waarom dan die leerlinge se belangstelling daarmee doodmaak? Is die woestyn dan 'n aangename plek om te vertoef? Daardie bladsye behoort deur die onderwyser saamgevat te word i.p.v. om die klas daarmee te verveel.

(e) Wie het al daaraan gedink om die leerlinge self te raadpleeg oor watter boeke hulle graag wil lees? Gewoonlik moet die kinders die boeke lees wat deur die volwassenes vir hulle gekeur en aangekoop word. Dit is werklik nodig dat die leerlinge gevra word om elkeen sy/haar leeslys van interessante boeke saam te stel. Stads- en dorpsbiblioteke behoort aparte kinderafdelings te hê. Stel 'n komitee van leerlinge saam wat gedurende 'n sekere jaar leeslyste moet opstel van boeke wat hulle maats geïnteresseer het. Laat hulle in korrespondensie tree met kinders in ander skole in die land om te verneem watter boeke hulle geïnteresseer het. Dit kan landswyd aangepak word. Dit kan 'n nuwe belangstelling by die jeug aanwakker en hulle opmerksaam maak.

(f) Die radio speel deesdae 'n magtige rol in die lewe van oud en jonk. Statistiek bewys dat die leerlinge in die V.S.A. gemiddeld 3 uur per dag voor die radio deurbring. Inluister na die radio het hulle vernaamste vorm van genot en informasie geword. Die moderne jeug het nooit in 'n ander wêreld groot geword as die waarin die radio toon aangee nie. Ons het dus met 'n klankbewuste generasie te doen. Ouers deins dan ook nie terug om vir hulle kinders die nodige apparate aan te koop nie.

Sodra die jeug begin werk, koop hulle radiostelletjies aan. Maar hierdie klankbewustheid bring groot probleme mee.

Ons weet nou dat leesgereedheid van die huislike agtergrond afhang. Die radio kan in die aanwakkering van leeslus 'n groot hulpmiddel vir die onderwyser wees.

Die radio is nie tot sekere ouderdomsgroepe beperk nie. As dit reg gebruik word, kan dit lees in die klaskamer verlewendig, veral daar waar die onderwysers geredelik erken dat hulle swak vertellers is. Amerika loop op hierdie gebied voor, ten goede of ten kwade. Talle Amerikaanse skoolstelsels saai verhale, gedramatiseerde stories vir die kinders in die klaskamers uit. Dit is 'n integrale deel van die gewone skoolprogram wat voorsiening vir luisterperiodes maak. Die kinders luister dan na die uitgesoekte storievertellers van die volk. En dit doen hulle graag, want almal is nie interessante vertellers nie.

Daar is vasgestel dat gedramatiseerde lees oor die radio definitief leeslus aanwakker. Om na verhale in verband met kinders van ander lande te luister, stimuleer die kinders om die boeke oor die lande self te lees. Die voorlesers of vertellers hou altyd lyste boeke voor wat van besondere belang vir die kinders van alle ouderdomme is. Die radio wat sodanig ingeskakel word in die skoolprogram lewer 'n positiewe bydrae tot die bestudering van die oorspronklike werke.

Maar die skool-radioprogram kan nie die hele taak volbring nie. Die onderwysers moet die leerlinge vir die radioprogramme voorberei en hulle geestelik daarvoor reg instel. Dan eers kan hulle die praatjie benut. Dit kan alleen gedoen word wanneer die programme lank vooruit aangekondig word, sodat die onderwysers presies weet waarvoor hulle die leerlinge moet voorberei.

In die naaste toekoms sal dit die taak van die Suid-Afrikaanse onderwyser ook wees, veral wanneer grootskeeps aan die behoeftes van die Suid-Afrikaanse kind in hierdie verband op 'n nasionale grondslag gedink en voorsien sal word.

Die groot taak van die onderwyser is om luistergewoontes by leerlinge te help kweek. Maar dan moet wat gehoor is, gevisualiseer kan word. Dit moet opgevolg word deur besprekings, anders bly die kennis konkreet-aanskoulik staan, sonder dat dit tot geestelike eiendom verwerk en opgeneem is. Klasbesprekings sal 'n baie vername afdeling van die stelsel wees waar radio-praatjies oor gedramatiseerde werke, die voordrag van poësie en die voorlees van verhale in die skoolprogram intree.

Op hierdie gebied sal in die nabye toekoms 'n noue samewerking tussen onderwysers, omroepers en bibliotekarisse moet bestaan. Dit sal ook in ons land noodsaaklik word om van die skool-radioprogram op 'n nasionale grondslag gebruik te maak. Die radio sal ook as hulpmiddel gebruik moet word om leeslus aan te wakker. Ons sal dit op die duur nie kan ontduik nie. Solank as wat dit slegs provinsiaal geskied, soos in Kaapland, staan mens skepties daarteenoor. Daarom is 'n nasionale onder-

wysstelsel broodnodig en 'n sine qua non vir die aankweking ook van leeslus op 'n nasionale grondslag. In die beplanning van radiopraatjies kan die bibliotekaris en die onderwyser die praatjies opstel en aan die omroeper voorlê. Die omroeper sal weer met die beste voordragkunstenaars van die land skakel om die werk uit te saai.

Die omroeper sal ook in S.A. in die naaste toekoms beskuldig word van 'n kompeteerder teen leesgewoontes. Maar die radio behoort geen slegte of nadelige mededinger te wees nie. Ons sal ook hier te lande meegedeel word dat die vurige belangstelling in die radio lees ontmoedig. Moontlik moet ons die positiewe stel en die onderwyser opdra om hom te heroriënteer om van hierdie magtige en vindingryke onderwyshulpmiddel voordelig gebruik te maak. Dit het 'n faktor geword wat ons nie meer kan wegredeneer nie. Dit het gekom om te bly. Al meer en meer persone koop radiostelle aan. Dit word deesdae 'n onontbeerlike instrument vir algemene informasie en kommunikasie in die lewe van enkelinge en volke, veral in hulle nasionale opvoedingsprogramme.

J. L. DU PLOOY.

Pretoria.